

Dinsdag 19 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 50:15-26

Fokusgedeelte: Genesis 50:26

'n Nuwe begin

Genesis is nie verniet die eerste boek in die Bybel nie. Genesis beteken wording, geboorte, begin. Die eerste woorde van Genesis leer ons hoe God in die begin die hemel en die aarde geskep het. Alles wat God geskep het, was baie goed. Dit was 'n perfekte genesis.

Die einde van Genesis is nie naastenby soos die begin nie. Waar Genesis met lewe begin, eindig dit met dood. Josef het op 110-jarige leeftyd gesterf. Hy is nie begrawe nie, maar gebalsem. Hy is in 'n kis in Egipte gesit. Eers meer as 400 jaar later sou hy in Kanaän, die land van belofte, begrawe kon word.

Tussen Genesis 1:1 en Genesis 50:26 staan geskiedenis opgeteken wat vertel van menslike opstand teen God, die verskriklike val in sonde, God se oordeel oor sonde, maar ook God se verbondsgenade. In alles wat gebeur, word God se verbondstrou bekendgemaak. Ook in die laaste hoofstukke van Genesis. Jakob kom in Egipte waar hy sy laaste lewensjare saam met sy nageslag mag deurbring (Gen. 46, 47). Jakob seën sy seun en sterf in vrede (Gen. 48, 49). Ná hulle pa se dood besweer Josef sy broers se vrese dat hy hom op hulle sou wreek (Gen. 50). Die genade van God is oral sigbaar.

Tog eindig Genesis met dood, nieteenstaande God se genade. Die eerste genesis roep vir 'n tweede genesis, 'n tweede begin. Van daardie tweede begin lees ons in Matteus 1:1 – “Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham.” Daar staan letterlik: die *boek van die genesis* van Jesus Christus. Met die koms van Jesus Christus is daar 'n nuwe begin.

Matteus eindig heeltemal anders as Genesis. Geen dood nie, maar lewe. Lewe met 'n belofte: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.” Tussen Matteus 1:1 en Matteus 28:20 lê Christus se vernedering tot in die hel. En sy oorwinning oor die dood en die graf. In Hom is daar lewe tot in ewigheid.

Vandag moet ons steeds by sterfbeddens staan en geliefdes begrawe, net soos in die slothoofstukke van Genesis. Ons moet afskeid neem en alleen aangaan. Maar ons doen dit nie meer in die lig van die eerste genesis nie. Ons leef en sterf vanuit 'n vervulde genesis, 'n nuwe begin, Jesus Christus. In Hom het ons die lewe tot in ewigheid.

Sing: Psalm 73-1:10

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)